
# Suidwes-Kaap

## Yzerfontein
## Loerie Kamp
### 24-27 April 2015



Dit is Donderdag en op gesigboek sien ons daar is van ons lede wat al klaar by Yzerfontein is. Andrè Potgieter se sê ding is ook daar te lees "Nog een slapie en dan sien ons weer al ons SAWA vriende. Hoop weer speel saam en dat geen reën of wind die naweek gaan ontsier nie. Aan die ander kant - wie is bang?" Tommie se antwoord; "jy sal nie glo nie. Hier's geen wind en 25 grade. Meer as die voorspelling. "
Met dit in gedagte moet ons nog 'n dag wag en Vrydag se verkeer aandurf. So gesê so gedaan en ons ry in by Yzerfontein, daar word gegroet en opgeslaan soos almal arriveer.









Die winter is hier en 19h00 is dit al donker. Ohna Oosthuizen het die Boekevat waargeneem. Die morsekode boodskap was heel gepas en so moet ons ook God se stem hoor.

Louise Mitchell vertel ons wat ons kan verwag van die naweek. Hier kan ons agterkom daar is al hard agter die skerms gewerk. Hierna was dit inbetaling. Faul Retief is die man van die aand - geluk met jou verjaardag en daar word vir hom gesing. Nou ja wat Paul doen weet net hy...glo iets met binne pret te doen.





Met daardie binne pret het die klompie lekker gelag. Ons gaan nou braai en saam kuier. Ons het gehoor môre kan daar jaffels en poeding gekoop word. Wie kan dit nou beter doen as die Loeries.



*Yzerfontein is 'n vakansieoord aan die Atlantiese Oseaan aan die Weskus van Suid-Afrika en is gewild onder branderplankryers. Die oord het in 1936 ontstaan toe die Katzfamilie die plaas Yzerfontein gekoop en die grond in woonerwe onderverdeel het. Die naam is ontleen aan 'n fontein wat in 'n ysterklip formasie ontspring.*




Frans en Bettie Reinke is met reg so gelukkig want hul klein kinders van Engeland het kom kuier. Ek glo hulle het die see kamp baie geniet.





Saterdagoggend het die uwe en sy vroutjie besluit om lekker laat te lê, al moes mens die hardloop na die kleedkamer al gedoen het. Hier is 'n klop aan die deur, ek maak oop en Neil Goslett sê vra "julle gaan seker nie saam nie". Dit is nou om te gaan foto's neem. So is hulle toe weg. Daar gaan laat lê en ons maak gou klaar want vir 'n fotosessie is ons altyd "game". Hawe toe is ons. Hier in Naweek in beeld kan gesien word al die gesigte van Yzerfontein tydens ons kamp. Daar het wel 'n paar druppels reën geval maar van wind was daar nie sprake nie.

Ons moet klaarmaak want by die kamp is daar 'n gewoel en gewerkskaf deur die Loeries en Louise Mitchell se voogde groep.





Jaffel laan

# Jaffels en Poeding







Hier is Dennis Mitchell en Sailer Viljoen besig om die jaffel panne reg te kry vir die gaarmaakproses. Louise gebruik 'n roomys opskeplepel en sodoende is al die vleis hoeveelhede dieselfde. Hier hang 'n lekker geur in die lug.





Die fabriek het mooi geloop en gou-gou is die jaffels gaar en het die lede kom koop. Johan Oosthuizen was die penning meester. Louise vir jou en die span sê ons baie dankie en die poeding idee het goed gewerk. Net jammer die ou met die kamera het so laat opgedaag daar by julle...ek sal met hom moet praat.:) Ek sien "Kandi" het ook daar gehelp.









Ducktape, lap, gom, kramdrukker, ritssluiter, skeppende denke en geen naald en gare. Julle moet die gedoente sien, hulle maak sterk drasakke en potloodsakkies sommer net so, dis mos nou 'n goeie idee. Teresa le Roux het met die sakke ding begin, met die doel om die kinders iets te leer. Nou wonder ek net oor die groot kinders...Sonja Delport het vir haar 'n mooi sak gemaak en ek kan sien Janine Theron se ogies blink ook vir een. Die kinders het Sondag ook hul eie sakkies gemaak, mooi een Teresa.



**Suidwes-Kaap se eie trio orkes, so word dit gedoen en glo my ons het dit baie geniet. Ons musikante is Hennie Delport, Riaan Steyn en Frans Teunissen. Maak asseblief weer so.**
**https://www.youtube.com/watch?v=bn-jsaY8rIk**





**Sonja Snyman geniet die boek en sonnetjie.**





**Koos Oosthuizen het vir ons die boekevat waar geneem en so ook iets gegee om aan te herkou en weer na ons verhouding met God te kyk.**
**Liam Slater kuier te lekker op Oupa Johan Oosthuizen se skoot.**

*"Your value does not decrease based on someone's inability to see your worth"* unknown



Foto: Andre Potgieter




Foto: Andre Potgieter



Foto: Andre Potgieter











Saterdagaand het ons die mooi kleure gesien. Dit was prentjie mooi gewees. Die katjies het ook bietjie gerus.





Jan en Petro Meyer se kos het so lekker gelyk, Paul Steyn kon sy lus nie meer keer nie, jammer Petro......



Hier word ook lekker gekuier en kyk net daardie lekker gallie om die koel aand op sy plek te sit.



By Andre en Louie-Cecile-hulle het dit ook goed gegaan en is daar 'n mooi broodjie in die pypoond. Estelle Havenga het as 'n gas saam gekamp.



Nou is hier 'n storie van 'n ander aard...Ons het saam met Koos Oosthuizen en gesin, Johan McDonald en gesin asook Dienie Oosthuizen gebraai. Die Theron's het 'n potjie gemaak en het ons nou lekker gesels en gelag soos mens net saam met hulle kan doen. Koos het weer die een tjoppie ding gedoen ( so groot een) en lekker baie wors. Ons gesels nog so toe is hulle almal weg, soos in niemand daar nie.



Nou wat nou ons wag toe maar. Hier kom hulle almal terug met mooi borde kos. So hulle was darem nie "kwaad" vir ons nie. Nie lank nie toe is dit weer so. Kan jy glo geen Oosie in sig nie.



Ons eet klaar en begin skoonmaak. Selfoon lui en dis Koos: "kom hier is poeding by Sailer en Estie Viljoen". Wat 'n wenner. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat hulle weg raak as daar kos is - nou weet ons dit ook. Die broodpoeding en vla was baie lekker. Hier kry ons so 'n ietsie om te drink wat na nog een geproe het.







Sailer het toe vir Kandi gebring .... Ons het haar ontmoet en geproe, volgens my en Joannine is dit gemaak 8Mei 2013, volgens haar is daar melk en eiers in en tequila is haar vriendin.








Foto: Gerhardus Theron





Ons maak reg vir Kerk en sing 'n paar liedjies saam. John McDonald het vir ons die diens waar geneem. Kom ons volg ook so 'n Jesus se voetspore. Daarna het ons tyd gehad vir koffie en koekies.



Johan Oosthuizen is dit nou een swart koffie of een koekie? Wind was daar nie ..so die vinger is ook nie daarvoor nie.





Nadat ons 'n koffie of tee gedrink het, was dit tyd vir Johan Oosthuizen, ons voorsitter, om sy sê te sê. Hier hoor ons van al die lief en leed in die klub. Niël Goslett het gesorg dat almal melk kry, Sonja Delport en Elmarie Steyn is toeskouers.



# Toekenings



Kobus Botha en Sonja Snyman
10 streek



Faul en Adri Retief
30 streek



Piet en Antionette Steyn
40 Streek



Brenda de Villiers en Neil



Niël en Rozèl Goslett

Baie geluk met julle toekenings.





Die kinders het dit geniet om die Sakke te maak by Teresa le Roux. O...Ja dan is daar nog drukkies ook. Sorg dat julle by die volgende kamp is om te kyk wat die Tannie weer gaan aanvang.





Foto: Janine Theron

Jacob was ook daar








Paparazzi      Gerhardus Theron, Dane le Roux en Lize - Marie








Rikus het ook die strand besoek en hy het dit behoorlik geniet. Saam met hom is Halo en Melicia Engelbrecht asook Isabel Steyn.




Die kindertjies in die water is baie dapper want hierdie see is koud en die luggie ook. Dit is Nina en Christiaan Botha wat dit so geniet.



Die Oosthuizen's speel krieket en die sig was 'n groot probleem. Hulle het lekker gelag en dan wil ons mos weet.. waarom is 'n naweek so kort.



Foto: Janine Theron

Estie Viljoen het vir die boekevat gesorg en ook het sy die bottel brandewyn gewen.



Foto: Janine Theron



Foto: Janine Theron

Louise het die gelukkige trekking waargeneem en Hans Havenga het die eeste trekking gedoen. Die wenners was Hendriena Oosthuizen, Johan Havenga en Adell Halvorsen. Louise kon nie by die mikrofoon bykom nie toe maak hulle 'n blonde plan.



Foto: Janine Theron



So het nog 'n baie aangename kuier dag ook vir ons gegroet met die son sak in die weste. Potjiekos by baie die keuse van kos vir Sondagaand. Die kamp was vroeg stil, dit moet die vars lug wees.





Danny le Roux is besig met n beesstertpotjie. Joannine Oosthuizen sny vir ons die platbrood. Hierdie was 'n span poging, Koos jy mag maar 'n brood rooster hoor.



Was dit nou lekker om Maandagoggend wakker te word in my woonwa. So 'n vakansiedag tydens 'n kamp is altyd 'n wenner en dan nog om die see te hoor is 'n bonus. Die bestuur het besluit om ons vergadering tydens die kamp te hou en dit 'n oop vergadering te maak. Lede kan dan insit en deel neem maar het nie stemreg nie. Dit bly altyd 'n goeie geleentheid om te hoor hoe die lede voel en dink. Johan Oosthuizen het die vergadering gelei.



Hierna was dit oppak tyd vir ons en het die langnaweek ook tot 'n einde gekom. Ons sien al klaar weer uit na die volgende kamp.





Jacques en Martinique Louw se opblaasmatras het nie die SABS toets weerstaan nie en Danny le Roux se nood herstelwerk ook nie. Ek dink ons wat kamp ken dit al te goed.

Kyk wie het die Bollie blad gehaal..........dalk is dit jy!



# Bollie blad










Johan Viljoen hou nie van braai dromme nie. Hulle moet plat gery word..nou al 3!

*Hierdie is 'n ander storie: Amper gedink Tommie oordryf toe hy die storie vertel. Neil en Brenda: Sleepwa en Motor bedrading foutief. Neels en Verna: Woonwa lig is stukkend gery.*
*Paul en Adell: Slaan woonwa lig stukkend. Nog nie die einde nie, nog 'n gas by hulle sluit die motor sleutels toe in die kattebak. Ek dink julle moet meer gereeld kom kamp.*





Tommie Scheepers dis ''n eina een. EK moet darem net dit sê: Dis die eerste keer dat iemand vir hom self ''n Swart toilet platjie gee. Jy sal hom nie gou vergeet nie.



**Lag maar lekker volgende keer is jy dalk op die bollie blad.**

*Kamp bywoning: 38 eie lede, 7 gaste en ander streke 0 = 45 Totaal .
***Ons volgende kamp is by Onrus 15-17 Mei 2015**
*Bestuurslid verantwoordelik: Paul Steyn
*Foto's geneem deur Petrus Theron tensy anders aangedui. Dankie vir die foto bydrae's en stuur gerus van jul foto's vir my na 'n kamp.
*Kommentaar is altyd welkom



Redakteur Petrus Theron